

KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD

**NUUS**

*Kampusnuus kry
'n nuwe baadjie
in 2012*

**NUUS**

*Statige Ou
Hoofgebou
vanjaar 125 jaar*

**NEWS**

*SU chainsaw
course in its
25th year*

**BOOKS**

*Stellenbosch
scholars pen life
of 'almal se pel'*

**PEOPLE**

*Helen de Klerk:
Serving society
and environment*

3

4

5

7

8

Raadsbesluite

US-begroting vir 2012 bekend

Die voorgestelde begroting vir die US vir 2012 is op Maandag 28 November deur die Raad aanvaar, maar is nog onderworpe aan die finale bevestiging van die staatsubsidie wat die US in 2012 sal ontvang.

Die begroting sal die vyf ontwikkelingstemas van die HOOP Projek integreer en is op die vier strategiese fokusse tot 2016 afgestem: die uitbou en versterking van die US se kundigheidsbasis, verhoogde diversifisering van beide die personeel- en studentekorps, die verbetering van studentesukses, asook die bevordering van die Universiteit se sistemiese volhoubaarheid.

US-personeellede se sak word natuurlik ook deur die begroting geraak. 'n Algemene salarisaanpassing van 8% is vir 2012 van toepassing, mits personeellede aan die nodige vereistes voldoen om daarvoor in aanmerking te kom.

Voorsiening is gemaak vir pres-

tasie-erkennings op 'n deurlopende basis, en vir 2012 is R11,67 miljoen hieroor begroot. Daarby is ook 'n voorsiene bedrag van R9,111 miljoen vir vergoedingsregstellings in 2012 begroot. Dié twee elemente lei tot 'n aanpassing van 9% in die vergoedingsrekening voor inagneming van nuwe poste, verhogings en bevorderings wat omgewings in 2012 beplan.

Ander belangrike punte op die begroting was: R7 miljoen is voorsien vir die bekostiging van meer-taligheid (as deel van die geraamde R28 miljoen oor vier jaar wat in 2009 goedgekeur is), asook 'n bedrag van R13,2 miljoen vir volhoubare instandhouding van fasilitete (as deel van die infasering in die hoofbegroting oor vyf jaar).

Die Raad het ook die konsepbeleid

vir die opname en monitering van kringtelevisiebeelde aanvaar. Die US se aantal kringtelevisiekameras het oor die laaste aantal jare aansienlik uitgebrei. "Die beleid is onder meer noodsaaklik vir professionele, etiese en wetlike redes om indivi-

die voorsiening van 'n vervoer- en pendeldiens, en die bekostigbare aanskaf van skootrekenaars.

"Hierdie aktiwiteite het 'n beduidende impak op die US se kernbesigheid. As die Universiteit sou besluit om nie direk by

hierdie instaatstellende bedrywigheid betrokke te raak nie, sal dit die US aan 'n hoë vlak van risiko blootstel," het Botman gesê.

Taalbeleid

Die US Raad het 'n aantal aanbevelings oor die Taalbeleid, -planning, -bestuur en -implementering vir 2012 aanvaar. Dit sluit in:

- dat die Taalbeleid van 2002 (soos gewysig April 2008) bevestig word en nie nou hersien word nie, aangesien die implementering van die meertalige onderrigmodel binne die raamwerk van die huidige Taalbeleid geskied;

- dat tolking as 'n addisionele opsie toegevoeg word tot die taalspesifikasies wat fakulteite kan toepas en dat hierdie toevoeging tot die Taalplan gemaak word; en
- dat die Raad die Bestuur ondersteun in die voorsiening vir die addisionele druk op die begroting wat opvoedkundige tolking meebring.

Aanstellings

Die Raad het met inagneming van die aanbevelings van die Fakulteitsraad, die Senaat en die Keurkomitee vir prof Maureen Robinson as nuwe dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aangewys. Sy is tans dekaan van Opvoedkunde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.

Mnr George Steyn is as die nuwe ondervorsitter van die Raad aangewys in die plek van me Marieta Moolman, wie se dienstermyne verstryk het.

Die volgende Raadsvergadering is vir 7 Mei 2012 geskeduleer.

'n Algemene salarisaanpassing van 8% is van toepassing vir personeellede wat aan die nodige vereistes voldoen.

due op kampus steeds redelike privaatheid te gun en om behoorlike bedryfsprosedures in hierdie verband te verseker," het die Raad besluit.

In sy bestuursverslag het die US rektor, prof Russel Botman, onder meer gefokus op sake soos mediese versekering vir studente,

Council visits Military Academy

The South African Military Academy in Saldanha hosted a delegation of SU Council members last month by taking them on a campus tour and delivering presentations on the structure of the Academy and the education and training model used.

The Council members were accompanied by SU Rector, prof Russel Botman, and some of the members of his management team on the full-day programme of presentations, a lunch with members of the Academy, as well as a tour of the Saldanha campus.

The visit coincided with the SA Defence Force's farewell function on Friday, 18 November, for prof Edna van Harte, Dean of the Faculty of Military Sciences, who will be succeeded by Dr Sam Tshehla.

Col S.B. Nombewu, acting Commandant of the Academy, made an introductory presentation on the history, vision, mission and values of the Academy.

"Our vision is to create a kraal of intellectual innovation and wise warriors. The kraal is inherent to African culture and implies a place of learning," he said.

The Academy was established on 1 April 1950 at the University of Pretoria but moved to Saldanha in 1953. In 1961 it became a faculty of

SU in its own right. A maximum of 210 first-year students are taken in each year, of which 65 are allowed to progress to the second year due to the Faculty's limited capacity.

Lt Col Nico Stevens explained that students receive army training concurrently with their academic training. In army training they learn writing skills (including international military conventions), military history, personal finance, musketry and do regular drills and parades.

"We have a daily routine and training to instil the discipline and values of the army – moulding soldiers who will fight for their country. As I always say, we train them that a pillow and a stone is the same thing," he quipped.

After lunch, Van Harte gave an overview of the academic offering. "The Academy delivers good products, and our graduates are in demand, even in the corporate world where the discipline we teach is a great asset."

She said, however, the Faculty's research output is limited because not all studies are allowed to be published due to the protection of military intelligence. Despite this, academics at the Faculty have in the past few years published articles in several accredited journals, which

were exhibited in the foyer for Council members to peruse.

Dr Paul Cluver, Chairperson of the Council, said the visit was important because it is essential that the Council knows how the Academy functions and what happens on the Saldanha campus.

Prof Edna van Hart (middle), Dean of the Faculty of Military Sciences, shows Prof Russel Botman, SU Rector, and Dr Paul Cluver, Chairman of the Council, an exhibition of the journals the Faculty has contributed to.

Photos: Wayne Muller



SU council members, joined by the Rector's management team, visited the Military Academy in Saldanha.



Van die redakteur se lessenaar

Dit is Desember en die jaar is op sy einde – 2011 was inderdaad 'n drukbesige jaar vir die Universiteit. Jy hoef net deur vanjaar se uitgawes van *Kampusnuus* te blaai om te sien waaroor ons als in 2011 berig het. En dan praat ek nie eens van die vele ander nuusgebeure wat jy op ons nuusblop en in die sosiale media kon lees nie.

Daar was belangrike toekenning aan die Universiteit, sy personeel-lede en studente. Nuwe geboue, sentrums en ander eenhede is geopen, en groot planne vir die Universiteit se toekoms is bekend gemaak. Ons was ook vele kere in die nuusmedia oor ons navorsing en uitnemendheid.

Maar soos wat 'n mens terugkyk op 'n jaar wat verbygesnel het, moet 'n mens ook die nuwe jaar

met entoesiasme begroet. Op ons kampus is talle dinge aan die gang wat alreeds 'n aanduiding is dat 2012 nog beter sal wees – kyk maar net na al die hyskrane by bouprojekte op kampus wat bo die dorp uitteer. So vernuwe ons jaar ná jaar.

Kampusnuus self slaan ook in 2012 'n nuwe blaadjie om. Jou personeelkoerant gaan voortaan 'n tydskrif wees waarin jy meer nuus en fokus-artikels kan lees oor wat op kampus aangaan. Op bladsy 3 hiernaas vertel ons jou meer.

'n Geseënde feestyd en voorspoedige nuwe jaar vir almal. Geniet die ruskans. In 2012 gesels ons weer saam in 'n nuwe *Kampusnuus*.

Wayne

Op ons kampus is talle dinge aan die gang wat alreeds 'n aanduiding is dat 2012 nog beter sal wees.

Kuberpraatjies

Comment on our US Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (@stellenboschuni).

(In reaksie op mnr Desmond Smith, Voorsitter van STIAS, wat as president van die Internasionale Aktuariële Vereniging ingehuldig is.) As 'n oud-Matié maak hierdie my baie trots. En as die ouer van 'n dogter op Maties en nog 2 seuns wat gaan volg, is dit wonderlik om te weet dat die US soveel internasionale *standing* geniet.

– Ounin Arndt



@StellenboschUni I wish our IT dept was as quick to notify us about internal network issues as they are about external problems like SEACOM.

– keirawynn



@matiesstudents doing great work with the elderly oldage home in Kuilsriver, good on you guys.

– BreytonPulse

Thanx 2 @StellenboschUni 4 opening my eyes nd givin me a tough choice 2 make! Irrespective of what I do, u run a gr8 institute #TheDecision.

– ThalaMsutu77



Kampusblik

Graduate School's inaugural L&L lecture series a great success

This year, the Graduate School added its Locations and Locutions (L&L) Lecture Series to SU's academic calendar – a three-part public lecture series aimed at facilitating critical engagement and debate on Africa in the arts, humanities and social sciences. LYNNE RIPPENAAR reports.

The final public lecture for 2011 of the Graduate School's inaugural Locations and Locutions (L&L) Lecture Series was held on 13 September, marking the end to a three-part public lecture series with the overarching theme of *Which Africa? Whose Africa?*. The public lectures presented in June, July and September focused on discussions around "Thinking Africa from the Cape", "Atlantic Locations" and "Indian Ocean Africa".

The lecture series was a huge success with more than 620 scholars, postgraduate students, alumni and members of the public attending the events. The series, says one of the founding convenors, Prof Meg Samuelson of SU's English Department, "honed in particularly on the question of how our locations shape and inform our locutions".

"The first panel (Thinking Africa from the Cape) was formative in this regard and determined much of the scope and angle of the subsequent panels. One of the particular intellectual angles taken in the series was the conceptualisation of the Cape as a fulcrum between Atlantic and Indian Ocean worlds. This conceptualisation was then extended to thinking about the continent as a whole, and considering the implication of location between these two

flanking oceans. At the same time, much attention was paid to thinking about how the Cape engages the continent and how as an intellectual location it shapes and informs the ways in which we theorise, imagine and inhabit Africa," she says.

In addition, says co-founding convenor Dr Grace Musila from the English Department, the series managed to convene an important platform for critical intellectual engagement with Africa by African scholars, academics and students.

The third member of the organising committee for this year's lecture series was Prof Sarah Nuttall, also of the English Department.

Panellists who participated in the three lectures included South African-based experts such as Prof Achille Mbembe, originally from Cameroon and a lecturer in the Sociology and Social Anthropology Department at SU; Prof Harry Garuba, originally from Nigeria and currently working at the Centre for African Studies at UCT; Prof Ato Quayson, originally from Ghana and currently the Director of the Centre for Diaspora and Transnational Studies at



Prof Achille Mbembe from SU and Prof Harry Garuba from UCT during a discussion at the inaugural lecture, "Thinking Africa from the Cape", in the Endler Hall. Left, in the background, is Prof Meg Samuelson, the panel chair.

the University of Toronto in Canada; as well as South African academics, Dr Suren Pillay from the Centre for Humanities

included scholars like Prof Ian Baucom, Professor in English and the Director of the John Hope Franklin Humanities Institute

at Duke University in the USA, and South African-born poet and novelist Dr Yvette Christiansë, Associate Professor of English and Africana Studies at Barnard College, New York.

The Faculty also partnered with *Mail & Guardian* through

their Critical Thinking Forum in order to generate a debate around this year's theme within the public sphere. Funding for the series was made possible thanks to a generous contribution by the Dean of the Faculty of Arts and Social Sciences, Prof Hennie

Kotzé, and additional funds from the English Department, the Transitions & Translations research theme and Samuelson's research fund.

The public lectures for 2012 will be preceded and followed by seminars offered by the series convenors and visiting speakers for PhD students in the Graduate School programme. The organising committee for 2012 will consist of Prof Sandra Swart from the History Department, and Nuttall, along with staff members from other departments in the Faculty.

The overarching theme for next year will centre on land, environment, and material and social resources. However, an announcement regarding the final theme will be made early in 2012.

Visit the L&L website at www.sun.ac.za/lectureseries.

"One of the particular intellectual angles taken in the series was the conceptualisation of the Cape as a fulcrum between Atlantic and Indian Ocean worlds."

Research at UWC; Prof Uma Dhupelia-Mesthrie, Professor in History at UWC; and Prof Isabel Hofmeyr, Professor of African Literature and Acting-Director of the Centre for Indian Studies in Africa at Wits. Internationally-based experts

Nuwe US-tydskrif



KAMPUSNUUS, jou personeelkoerant, kry in 2012 'n nuwe baadjie. Die ontwerp, formaat en inhoud gaan 'n vars voorkoms kry. Boonop gaan jy meer genot put uit lekkerlees-artikels oor ons kampus en hoe ons bydrae tot 'n beter samelewning.

Nadat baie oorwegings in ag geneem is, het ons besef daar is 'n manier om jou as personeellid selfs

meer nuus oor die kampus te bied, maar ook ander leesstof oor jou werksomgewing en die dorp wat so deel is van ons kampuslewe.

US Personeellede het eintlik geen tekort aan nuusplatforms wat jou oor die jongste gebeure op kampus inlig nie. Elke dag is daar vars berigte op die US se webblad, en op 'n Woensdag spring die *Boschtelegram* in jou e-pos-inboks wat jou skakels bied na nog nuus op die nuusblog. Dié nuus is ook te lees

op Facebook en Twitter. En dan is daar natuurlik *Kampusnuus* wat maandeliks verskyn.

New format

From February 2012, *Kampusnuus* will no longer be a newspaper, but a magazine. The format will change from the A3 tabloid newspaper size to an A4 magazine size – definitely easier to take home. But because technology has become a huge part of our daily life and we'd like to do our bit for the environment, *Kampusnuus* will also be available as a digital magazine, or digimag, that you can

download and read on your desktop, laptop or tablet computer.

Each month, you will receive an email with the link to the digimag, which you can page through at the click of your mouse.

There will, however, still be a printed version. In January, you will receive an email requesting you to select whether you would still like to receive a printed version of *Kampusnuus*, which will then be sent to you via internal mail, or just the digital version.

The design of the new magazine will also be fresh and reader-friendly.

Vars inhoud

In sy nuwe tydskrifformaat gaan *Kampusnuus* se inhoud ook 'n

anderse aanslag hê. Ons gaan in kort nuusbrokkies jou 'n opsomming gee van die maand se belangrikste gebeure op kampus, jou wys wat die eksterne media oor die US te sê het, en daar gaan insiggewende nuusartikels wees oor die impak van dit wat aan die US gebeur.

Nog nuwighede sluit in 'n gids van konserte, uitstellings en lesings op kampus; brokkies oor nuwe boeke om te lees; asook wat jy in jou etensuur in die Eikestad kan verken en verorber. In samewerking met Welwees sal *Kampusnuus* jou ook elke maand leesstof en wenke bied oor hoe om gesond en gelukkig in jou werk te wees.

Maak dus gereed vir 'n nuwe tydskrif volgepak met boeiende leesstof en nuus wat vir jou as US-personeellid saak maak.

Wees fiks en gesond in 2012



Dié span ywerige stappers oefen drie keer per week by Coetzenburg om fiks en gesond te bly.

Fikser, gesonder en gelukkiger personeellede is wat die US se Welwees-kantoor in die vooruitsig stel vir 2012.

Welwees se stapprogram, wat in September vanjaar begin het, gaan volgende jaar groter en beter word, belowe me Maureen Kennedy, Hoof van Welwees. Dié stapprogram het op 27 September afgeskop met 54 personeellede tussen die ouderdomme van 26 en 62 wat op drie middae per week by Coetzenburg saam stap of draf om fiks en gesond te bly.

"Met ons Pretdaf/stap in April vanjaar het baie personeellede gesê ons moet meer gereeld so 'n geleentheid aanbied. In samewerking met Maties Atletiek is toe besluit die beste manier is om 'n gereeld stapprogram aan te bied," sê Kennedy.

Tans word die stapprogram op Dinsdae, Woensdae en Donderdae tussen 17:00 en 18:00 aangebied, met professionele instruktore wat die stappers en drawwers wenke gee en hulle help om hul fiksheadsdoelwitte te bereik. Wenke oor eetgewoontes en kosoorte word ook gedeel. Personeel kan verskillende roetes van verskillende afstande – 1km, 3km of 5km – by Coetzenburg stap of draf.

Vanjaar se program loop op

5 Desember ten einde.

"Ons doel is om alle personeellede relatief gesond te kry. Die program is 'n manier vir personeellede om in 'n gestruktureerde omgewing te oefen waar hulle professionele hulp kry om hul gesondheids- en fiksheadsdoelwitte te kan bereik. Stap of draf is 'n ou vorm van oefening en is genotvol," sê Kennedy.

Welwees is nou gerat om volgende jaar die program uit te brei. Volgens Kennedy gaan die stapprogram vanaf Februarie 2012 ook in die etensuur aangebied word, en as daar groter belangstelling is, sal 'n sessie ook vroeg sogangs voor werk gehou word.

"n Pretdaf/stap-kompetisie van een uur lank is in Oktober gehou sodat personeellede hul vordering teenoor ander stappers kon toets. Deur die jaar sal kleiner stappkompetisies gehou word waar personeellede pryse kan wen ten einde hulle aan te moedig.

"Ons hoop die stapprogram sal nie net mense fiks hou nie, maar ook heger bande tussen personeellede van regoor die kampus tot gevog het," sê Kennedy.

Die stapprogram word gratis aangebied. Personeel moet slegs op HR-Web registreer deur op die "Welwees"-skakel te klik.



PROF DAVE RICHARDSON, an invasion biologist at SU, is the 2012 recipient of the prestigious John FW Herschel Medal of the Royal Society of South Africa. The award honours his multidisciplinary contribution to science in South Africa through his internationally recognised work on the ecology and management of invasive species. Richardson is Deputy Director: Science Strategy at the NRF-DST Centre of Excellence for Invasion Biology and a professor in the Department of Botany and Zoology. He receives the medal in September 2012 at the Society's annual awards dinner.

PROF PETER HESSELING van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het die GA Oettle-medalje van die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) ontvang vir sy bydraes tot navorsing en die behandeling van kinderkanker in Afrika. Hesseling, wat sy loopbaan in pediatrysiese onkologie meer as 40 jaar gelede begin het, word internasionaal gerekend as een van die pioniers in hierdie veld in sub-Sahara Afrika. Hy het bewys dit is moontlik om kankernavorsing te doen en terselfdertyd effektiewe behandeling en kancersorgstrukture te implementeer in lande met 'n lae inkomste en 'n tekort aan hulpbronne.

MNR HELMI DREIJER, Senior Direkteur: Informasietegnologie, is aangestel as die Besturende Direkteur van die Association of South African University Directors of Information Technology (ASAUDIT). Altesaam 21 van Suid-Afrika se 23 hoëonderwysinstellings is lede van ASAUDIT.

Die doel van die vereniging is om die gebruik van rekenaars in IT by plaaslike universiteite te bevorder, en om verhoudinge te bou tussen lede in hoëonderwys plaaslik en internasionaal.

MNR DESMOND SMITH, voorsitter van die direksie van STIAS, is op die onlangse vergadering van die International Actuarial Association (IAA) in Oostenryk onbestredre as president van dié prestigeryke vereniging verkies wat 75 lidlande verteenwoordig. Smith, ook 'n voormalige voorsitter van die Universiteitsraad, is die eerste persoon uit Afrika wat hierdie amp beklee. Die verkiezing gee erkenning aan die innoverende bydrae wat die Suid-Afrikaanse professie plaaslik en ook op internasionale vlak lewer. Smith speel in hierdie verband 'n leidende rol en het hom oor 'n lang tydperk vir die verbetering en vernuwing van aktuariële opleiding beywer.



Die US se Departement Mikrobiologie het onlangs hul 50ste bestaansjaar met 'n reünie vir alumni en oudpersoneel gehou. Onder die gaste was prof Mike Loos (naaslinks) en prof Hennie Louw (naasregs), wat as departementelege voorsitters diep spore getrap het in die totstandkoming en vestiging van Mikrobiologie as dissipline aan die Universiteit. Hier is hulle saam met prof Eugene Cloete (links), Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, en prof Doug Rawlings, die huidige Departementsvoorsitter.

Foto: Anton Jordaan

Ou Hoofgebou vanjaar 125 jaar



Die bekendste universiteitsgebou in Stellenbosch, die Ou Hoofgebou, is vanjaar 125 jaar oud. Dié statige ou gebou is die tuiste van die Universiteit se Fakulteit Regsgeleerdheid en geleë op die hoek van Victoria en Rynveldstrate. Die gebou is deur Carl Otto Hager, 'n Duitse immigrant, in 'n Griekse (neo-klassieke) styl ontwerp en het destyds £10 560 gekos. Die hoeksteen is op 22 Desember 1880 gelê en 'n loodhouer met die name van die personeellede van die Kollege, Gimnasium, Bestuurskomitee, kweekskoolprofessors en plaaslike predikante is in die hoeksteen ingemessel. Interessant genoeg weet niemand meer waar die hoeksteen is nie en is dit moontlik per ongeluk toegemessel in 'n latere restourasie. Die Administrateur van die Kaapkolonie, generaal-majoor D'Oyley Torrens, het die voltooide gebou ampelik op 6 November 1886 ingewy as die hoofgebou van die destydse Stellenbosch Kollege. Die Kollege is in 1887 hernoem na die Victoria Kollege. In 1964 is die Ou Hoofgebou (soos dit toe genoem is) vergroot en die vierkant is toegebou volgens die oorspronklike plan. In 1979 is dit tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Vele legendas word aan die Ou Hoofgebou toegeskryf. Een lui dat as 'n verliefde paartjie in die aand verby die Ou Hoofgebou stap, die leeus bo-op die gebou hul sterre sal swaai!

Foto: Erhardt Thiel

USB ontvang 4de A-gradering

Die US Bestuurskool (USB) het vir die vierde agter-eenvolgende jaar die gesogte A-gradering van EDUNIVERSAL ontvang by dié Parys-gebaseerde keuringsorganisasie se vierde wêreldkongres wat onlangs in China gehou is.

Die USB het ook EDUNIVERSAL se Five Palms-toekenning ontvang. Dit is EDUNIVERSAL se hoogste eer aan 'n bestuurskool en dit maak die USB een van net drie opleidingsinstansies in Afrika wat hierdie erkenning ontvang het. Die toekenning duif die vlak van 'n akademiese instelling se internasionale reputasie aan.

Hierdie komitee stel 'n lys van maaatstawwe op en gebruik dit saam met die assessorings deur die dekane van die universiteite en skole op die lys van 1 000 bestuurskole om dan die ranglys te bepaal.

Prof John Powell, direkteur van die USB, het die toekenning persoonlik in China in ontvangs geneem en gesê die USB is trots daarop om deur EDUNIVERSAL as een van sy 1 000 beste bestuurskole in die wêrelde erken te word.

Campus lighting drastically improved

Property services recently undertook drastic measures to improve lighting on campus at night.

"At Property Services we are constantly looking at measures to fulfill SU's vision of being the leading campus environment in South Africa", says Graham Petro, Planned Maintenance Manager of Property Services.

One such initiative was formalised recently focusing on the improvement of lighting throughout the campus. As from June 2011, the lighting on campus has systematically been repaired or replaced and where necessary the current levels were enhanced by installing additional fixtures.

"We are also focused on sustainability, which is one of the themes of the HOPE Project, and therefore always use energy efficient light fittings and equipment and environmentally friendly alternatives where these are viable."

This particular campus lighting initiative involved several evening tours and after-hours work. Management's appreciation and thanks go out to all those who contributed to ensure that the

campus lighting is improved to a higher level. Ongoing routine maintenance should ensure the status quo is maintained.

Part of this initiative is to upgrade the lighting on the Rooi Plein. This plan is in the tender process and will be completed in due course.

Le Cordeur voorsitter van ATR

Dr Michael le Cordeur is die nuwe voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR), 'n sambrelorganisasie wat meer as 40 organisasies en 400 000 mense verteenwoordig. Hy vervang prof Wannie Carstens, 'n US-raadslid en eerste voorsitter sedert die ATR se stigting in 2008.

Le Cordeur is dosent in Afrikaans in die US se Fakulteit Opvoedkunde, waar hy ook voorsitter is van die Fakulteit se B.Ed-programkomitee.

Hy het ná sy verkiesing as voorsitter gesê dit sal sy strewe wees om aan al drie visie-doelwitte van die ATR te voldoen, naamlik om Afrikaans te bevorder, te beskerm en die sprekers van Afrikaans te bemagtig.

Le Cordeur het beklemtoon dat die ATR vir 'n Afrikaanse taal vir alle Afrikaanssprekendes staan en verwoord dus nie net die sieninge van een groep nie.

Prof Mohammad Karaan

US dra by tot Nasionale Ontwikkelingsplan

Dit was 'n "ongelooflike voorreg" om te help skryf aan die Nasionale Ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika, sê prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe.

Hy is verlede jaar deur president Jacob Zuma aangestel as lid van die Nasionale Beplanningskommissie, onder aanvoering van minister Trevor Manuel. Die kommissie se verslag is op 11 November bekendgestel.

"Hierdie dokument gaan die toekoms van ons land bepaal," meen Karaan. "Dit bevat 'n eerlike en kritiese diagnose van ons probleme en uitdagings, en 'n omvattende uiteenstelling van die soort toekoms wat ons in 2030 wil sien. Dit gaan die regering en die samelewing in geheel rig ter bereiking van daardie visie."

Die kommissie wys daarop dat Suid-Afrika deur "armoeude en ongelykheid" gekenmerk word. Hierteenoor wil die ontwikkelingsplan "voortgang en gelykheid" in die hand werk – deur werksgemeenskappe te skep, infrastruktuur uit te brei, 'n lae-koolstof ekonomiese te stedelike en plattelandse ruimtes te transformeer, onderwys en opleiding te verbeter, gehalte-gesondheidsorg te bevorder, 'n kundige staat te bou, korruksie te beveg, asook transformasie en eenheid te bewerkstellig.

Karaan het in die kommissie se werksgroep oor die ekonomie en oor nasiebou gedien, en was verantwoordelik vir die ontwikkelingsplan se hoofstuk oor 'n inklusiewe landelike ekonomiese.

"Ek kon skouers skuur met van die grootste en invloedrykste denkers in die land en ander wêrelddele. Elkeen van die kommissarisye het ook 'n visiestelling geskryf. Die kommissie het vir Antjie Krog en Njabulo Ndebele genader om dit in prosa te omskep. Ek en prof William Makgoba van UKZN en Manuel het regstreeks met hulle hieraan gewerk."

Karaan sê hy het as Afrikaanssprekende baie van die Afrikaanse media-onderhoude wat op die bekendstelling van die ontwikkelingsplan gevolg het, behartig.

"Ek was 'n trotse Matie op die kommissie, en is ook so erken. Ek het geen vyandigheid jeens Stellenbosch ervaar nie; wel respek, want ons word erken as 'n vooraanstaande instelling wat noemenswaardig kan bydra tot die land. Daar was egter ook effense agterdog oor ons intensies. Baie se indruk is dat ons nog skerm agter die verlede en die voordele van die apartheidsera. Ons het nog werk om te doen."

Mnr Kuben Naidoo, woordvoerder van die



Prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe.

kommissie, het by navraag gesê lede van die publiek kan tot vroeg in Maart nog kommentaar op die ontwikkelingsplan lewer, waarna dit aan die kabinet voorgelê word vir goedkeuring.

Besoek www.npconline.co.za vir die plan, en stuur insette aan comments@npconline.co.za.

– DESMOND THOMPSON

Voorstelle oor hoëronderwys

- Verhoog die aantal universiteitsgraduandi.
- Vermeerder die hoeveelheid doktorsgrade na 5 000 per jaar.
- Bou 'n nuwe universiteit in Mpumalanga en een in die Noord-Kaap.
- Bou 'n nuwe mediese skool in Limpopo en 'n aantal nuwe akademiese hospitale.
- Oorweeg die verlenging van eerste grade na vier jaar op 'n vrywillige basis.
- Verskaf lenings en beurse aan verdienstelike studente vir onderrig, boeke, huisvesting en leefkoste.
- Staan werkspermitte van sewe jaar toe aan buitelanders wat aan 'n SA universiteit graduere.

USB ontvang 4de A-gradering

Die US Bestuurskool (USB) het vir die vierde agter-eenvolgende jaar die gesogte A-gradering van EDUNIVERSAL ontvang by dié Parys-gebaseerde keuringsorganisasie se vierde wêreldkongres wat onlangs in China gehou is.

Die USB het ook EDUNIVERSAL se Five Palms-toekenning ontvang. Dit is EDUNIVERSAL se hoogste eer aan 'n bestuurskool en dit maak die USB een van net drie opleidingsinstansies in Afrika wat hierdie erkenning ontvang het. Die toekenning duif die vlak van 'n akademiese instelling se internasionale reputasie aan.

Hierdie komitee stel 'n lys van maaatstawwe op en gebruik dit saam met die assessorings deur die dekane van die universiteite en skole op die lys van 1 000 bestuurskole om dan die ranglys te bepaal.

Prof John Powell, direkteur van die USB, het die toekenning persoonlik in China in ontvangs geneem en gesê die USB is trots daarop om deur EDUNIVERSAL as een van sy 1 000 beste bestuurskole in die wêrelde erken te word.

Gesondheidswetenskappe

Tygerberg kry twee nuwe sentrums vir uitnemendheid

Twee sentrums vir uitnemendheid in gesondheidsinnovering is deur die African Network for Drugs and Diagnostics Innovation (ANDI) aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe toegeken.

Die Infeksiesiekte-sentrum (ISS) is gekies as die ANDI Sentrum van Uitnemendheid vir Toe pasbare Navorsing op MIV, terwyl die Departement van Biomediese Wetenskappe 'n Sentrum van Uitnemendheid vir Toe pasbare Navorsing op TB kry.

ANDI se hoofaktiwiteit is om Afrika-instansies aan te moedig om erken te word as sentrums van uitnemendheid wat die geleenthed sal skep vir toekomstige ANDI-sentrums vir gesondheidsinnovering en verdere kapasiteitsontwikkeling in Afrika sal bevorder.

Daar sal van hierdie sentrums verwag word om deel te neem aan die implementering van ANDI-projecte

wat gekoppel sal word aan kapasiteitsbou sowel as die stimulering van intra-Afrika-samewerking en vorming van netwerke.

Die eerste groep van 32 ANDI sentrums van uitnemendheid in gesondheidsinnovering in Afrika is aangekondig tydens die vierde rolspeler vergadering en skenkerkonferensie wat in Oktober vanjaar by die Verenigde Nasies se Konferensiesentrum in Addis Abeba in Etiopië gehou is.

"Ons is baie trots en dankbaar vir die erkenning en, om voort te bou op ons multi-dissiplinêre gees by ISS, sien ons daarna uit om saam met ANDI te werk en by te dra tot MIV-navorsing deur die gaping tussen laboratorium en kliniese/epidemiologiese MIV-navorsing te verklein," sê prof Jean Nachega, Direkteur van die ISS by die Fakulteit.

Prof Wolfgang Preiser, hoof van Mediese Virologie, het genoem dat hul afdeling opgewonde en dankbaar is teenoor ANDI vir die geleenthed om te kan deelneem. "Die doel om universale toegang tot MIV-behandeling regoor Afrika beskikbaar te stel, benodig dringend bekostigbare en praktiese dog hoë-kwaliteit diagnostiese werkwyse. Ons sien daarvan uit om sulke toetse in samewerking met ANDI-vennote te ontwikkel en te evaluer," sê Preiser.

Elf van die 32 ANDI sentrums vir uitnemendheid is aan Suid-Afrikaanse instansies toegeken, waarvan agt in die Wes-Kaap geleë is.

Lede van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe wat verantwoordelik is vir die ANDI-sentrums, prof Wolfgang Preiser en Paul van Helden (agter), en prof Jean Nachega (voor) saam met die dekaan, prof Jimmy Volmink (regs voor).

Mathematician, zoologist appointed as vice-deans

Two new vice-dean positions have been created in the Faculty of Science in an effort to further strengthen both the research and teaching endeavours in natural sciences at SU.

The position of Vice-Dean: Teaching has been filled since October by Prof Ingrid Rewitzky (pictured left), executive head of the Department of Mathematical Sciences (Mathematics, Applied Mathematics, Computer Science). She is slowly but surely getting her teeth into matters relating to the academic programmes and teaching initiatives relevant to BSc students.

Challenges such as the successful throughput rate of students and the support of lecturers who are passionate about teaching and learning are high on her agenda.

Prof Terry Robinson (pictured right), an A-rated scientist in evolutionary genetics and a former chair of the Department of Botany and Zoology, will take up the position of Vice-Dean: Research from the beginning of 2012.



Robinson says he is looking forward to work towards the benefit of the broader research community. "I'd like to help ensure that the highest quality research outputs and the most effective postgraduate training is provided for within the Faculty of Science," he says.

The current Vice-Dean, Prof Doug Rawlings of the Department of Microbiology, will stay on in an advisory position until March 2012.

According to Prof Eugene Cloete, Dean of the Faculty of Science, the two new positions will help to manage and extend research and teaching initiatives in the faculty in an effort to realise SU's strategic objectives.

— ENGELA DUVENAGE



Some of the BSc Forestry students hard at work during the chainsaw appreciation course, presented by SU's Department of Forest and Wood Science.

SU chainsaw course in its 25th year

This year, the annual Husqvarna/Stellenbosch University Chainsaw Appreciation Course was presented for the 25th time to the second-year students of the Department of Forest and Wood Science.

